LAERSKOOL BEKKER PRIMARY

Private Bag X5003
Magaliesburg
1791

Hoof / Principal
W.C. Potgieter

014 577 1129
info@lsbekker.co.za
www.lsbekker.co.za

17 Maart 2021

Beste Ouers

Graag wil ons die volgende belangrike inligting onder u aandag bring:

LET WEL: As gevolg van die Hoërskool wat Vrydag 13:00 uitkom sal ons skool ook om 13:00 sluit. Maak asseblief seker dat u betyds by die busstoppe is om u kinders af te haal.

- **RUGBY EN NETBAL (Dinsdae en Donderdae)**
  Ons oefen in die middae vanaf 15:00 – 16:00. Geen kontak op die oomblik nie, net fiksheid en vaardighede word geoefen vir voorbereiding sou ligas begin.
- **SWEM (KOSHUIS LEERLINGE)**
  - Dogters Maandae 15:00 – 16:00
  - Seuns Woensdae 15:00 – 16:00
- **DAGSKOLIERE** -
  - Dogters Maandae 14:00 – 14:45
  - Seuns Woensdae 14:00 – 14:45
- **SPORTBUSSIE** – R40 per week (Die sportbussie sal Dinsdae en Donderdae die leerlinge op die volgende roetes vervoer. Leerlinge behoort om 16:30 by die eerste aflaaipunt te wees.)
  - Hekpoort / Skeerpoort 16:30
  - Magalies / Tarlton 16:30

SAKREKENAARS:
Die skool het sakrekenaars aangekoop wat die leerlinge gebruik om hulle tafels aan te leer. Ons doen 'n beroep op ouers om u kind asseblief te motiveer om tafels by die huis te oefen. Dit gaan hulle help om beter te presteer en ook 'n liefde vir die vak aan te leer.

ASSESSERING
Die leerlinge is tans besig met assessering en u as ouer word gevra om hulle asseblief te ondersteun en te motiveer om gereeld huiswerk te doen en te studeer.

W C POTGIETER
HOOF